

17 Februarie

Skrifgedeelte: Lukas 19:1-10
Fokusgedeelte: Lukas 19:10

Jesus se missie: As Redder soek Hy die seekende

Saggeus was seekende – 'n openbaring duidelik uit die woorde van Christus in vers 10. Hierdie spesifieke man, wat 'n mens sou reken reeds alles in die lewe bereik het (hy was die hoof in sy beroepsrigting, het oor rykdom beskik) het nog nie rus vir sy siel gehad nie. Hy was seekende, daar was nog iets wat hy wou doen – hy wou Jesus sien.

Hierdie “sien van Jesus” blyk meer as bloot nuuskierigheid te gewees het. Die grond vir hierdie afleiding is dat dit duidelik uit die gedeelte is dat die boodskap Wie Jesus was en die wonderdade wat Hy gedoen het, Hom reeds vooruit geloop het. Daarom die skare wat Jesus gevolg het, met die gevolg dat Saggeus, wat baie kort was, Jesus nie eens kon sien nie.

Hy wou egter vir Jesus sien en daarom sy plan om in die boom te klim. Die gevolg: Hy sien Jesus, maar Jesus sien hom ook. Hierdie “sien” van Saggeus deur Jesus was volgens Goddelike beskikking. Christus maak dit duidelik deur te sê dat dit vir Hom nodig was om in die huis van Saggeus te bly (vs 5). Hy het geweet hierdie man het redding nodig en dit was wat Hy aan hom sou bedien tydens sy verblyf by hom.

Die gevolg? Saggeus se bekering, soveel so dat hy dit wat hy op grond van sy bekering nog sal doen, reeds as feite stel, naamlik: “Here, kyk die helfte van my goed gee ek aan die armes; en as ek van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.” Christus se reaksie: “Vandag het hier redding vir hierdie huis gekom.”

Voorwaar, die seekende Saggeus is gesoek en gered. Weet, Christus soek dié wat Hy moet red, dié wat die Vader aan Hom gegee het. Dit is sy missie, ook tot jou redding.

Sing: Psalm 103:2 (1936)

Ds. HJP de Beer (Magol)